# NOVEMBER -EKSAMEN : 2018

## GRAAD 10

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – VRAESTEL 2

L.W : Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS.**

   **Afdeling A : GEDIGTE**

   **Afdeling B : KORVERHALE**

2. By **Afdeling A** is daar **TWEE** vrae. Beantwoord **AL TWEE** vrae.
3. By **Afdeling B** is daar **TWEE** vrae. Beantwoord **AL TWEE** vrae.
4. Voer die instruksies wat aan die begin van elke afdeling gegee word, noukeurig deur.
5. Nommer jou antwoorde soos in die vraestel genommer is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A – GEDIGTE

VRAAG 1 – Beantwoord ALBEI VRAE.

Lees die onderstaande gedigte aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Voer die instruksies noukeurig uit

TEKS :A DELFT - deur– NATHAN TANTRAAL

***Delft***

Die klippe innie pad
sit soes laities oppie sypaadjie
en vra die heeltyd vi jou virre rand.
Die wind kom en gan
soese man wattie oo sy laities worry nie
'n wind wat net vi homself liewe.
Die lug se mon stink na wyn.
Die wêk nine to five
omdat dai is wat hy doen.
Hyt nog nooit consider
dat hy iets annes kan doen nie.
Die boeme hang heeldag oo hulle miertjies
en hou anne mense se biesagheid dop.
Die sand het vyl voete en lang naels,
maarle sand loep van dee tot dee
en sit in ammel se hyse
Die mense is cigarette-toppatjies
opgestop in metjieboksies

Vrae:

1.1 Waar is Delft in Suid-Afrika? (1)

1.2 Wat is die funksie van die enjambement in versreëls een tot drie? (1)

1.3 Identifiseer die beeldspraak in versreël 2? (1)

1.4 Waarom word juis dié beeldspraak in 1.3 gebruik? (1)

1.5 **Verwys na versreëls vier tot ses.**

1.5.1 Watter groot sosiale probleem word hier beklemtoon? (1)

1.5.2 Kies die korrekte antwoord van die woorde tussen hakies.

Die manne in Delft is baie **1.5.2.1** ( selfsugtig / onselfsugtig ) want hulle is net bekommerd oor hulself. Die manne is soos die wind in Delft,want albei is **1.5.2.2** ( permanent / tydelik ) daar in Delft ; dus ly die kinders aan die Afwesige-Pa- Sindroom. (2)

1.6 Waarom is dit effektief dat die Pa's met die wind ( suid-oostelike wind) vergelyk word? (2)

1.7 Haal die versreël aan wat aandui dat die kinders in Delft moet bedel? (1)

1.8 Dis waar dat die Delft gemeenskap telkens dronk is. Haal die versreël aan wat bewys hiervan is? (1)

1.9 Is die mense van Delft hardwerkend? Sê Ja / Nee. Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (2)

1.10 Haal 'n voorbeeld van elisie in die gedig? (1)

1.11 Wat het die mense in Delft nooit gedoen nie?

1.12 Stem jy saam dat die Delft-bewoners in ander mense se sake belangstel?Motiveer jou antwoord. (2)

1.13 Wat kan jy doen om die mense van Delft te help? (1)

**[18]**

EN

Teks B Edms.Bpk– deur D.J. Opperman

***Edms. Bpk.***

Ek het 'n stukkie grond gekoop
met melkhout op; dit afgekamp
en teen die hek 'n naam geverf
sodat verbygangers besef:
Dis Dirk se erf.

Janfiskaal sit op my melkhoutboom,
sit op 'n kruin, sit op 'n rots,
en proklameer in sy lied
soggens en saans luidkeels:
"Dis my gebied."

Bakkapel glip uit my melkhoutbos,
verby die kruin, verby die rots,
en teken op sandkolle waar hy kom
oral in ouderwetse skrif:
"Alles . . . alles my eiendom."

VRAE:

1.14 Skryf die titel van die gedig voluit ? (1)

1.15 Watter soort verteller is aan die woord en waarom is dit effektief? (2)

1.16 Haal **een woord** aan wat aandui dat Dirk 'n heining om sy land opgestel het? (1)

1.17 Identifiseer die leesteken in **versreël 4** en verduidelik waarom dit gebruik word? (2)

1.18 Wat is die bynaam vir die janfiskaal en waarom word dit effektief gebruik? (2)

1.19 Bespreek die konnotatiewe / figuurlike gebruik van die bakkapel? (2)

1.20 Haal die versreël aan wat wys dat ook die bakkapel die grond as sy eie eis? (1)

1.21 PAS **KOLOM A** BY **KOLOM B** AAN. Kies net die korrekte antwoord van die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.21.1 " glip " | A) Besitlike voornaamwoord. Die grond behoort aan die spreker. |
| 1.21.2 Kwintet | B) 'n Tema in die gedig |
| 1.21.3 " my melkhoutboom" | C) Die slang beweeg baie vinnig. |
| 1.21.4 ons moet vir ander wesens omgee | D) Die voël sing dag en nag luidkeels. |
| | E) 'n strofe van vyf versreëls |

(4x1=4)

1.22 Kies net die korrekte antwoord van die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die janfiskaal "proklameer" is 'n voorbeeld van **1.22.1** ( herhaling /personifikasie ) dat die hele **1.22.2** ( erf / wêreld ) aan hom behoort. (2)

**[17]**

**TOTAAL VIR AFDELING B : 35**

## AFDELING B -KORTVERHALE

VRAAG 2 – Beantwoord ALBEI VRAE.

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Voer die instruksies noukeurig uit.

### Die Sederberge is nie vir sissies nie

Dis bitter koud in die berghut. Gerrie trek die slaapsak tot onder sy ken. Sy pa het gesê dit kan koud word in die Sederberge. Hy het gedink hy sal die koue kan verduur. Hy is mos al in graad tien. Amper 'n man. En bergklim is nie vir sissies nie. Só het sy pa gesê toe hulle hom saamgenooi het.

Hy kyk na sy pa en oom Tiekie. Hulle slaapsakke tot by hulle heupe. Elkeen met 'n beker koffie in die hand. Hulle het vir hom ook aangebied, maar hy hou nie van koffie nie. Dit maak hom naar.

**VRAE**

2.1 Wat verstaan jy met die titel van dié koertverhaal? (1)

**2.2 Kies die korrekte antwoord.**

Oom Tiekie beleef (uiterlike/ innerlike) konflik as gevolg van die dood van die buitelandse studente. (1)

2.3 Noem **TWEE** redes hoekom oom Tiekie die Sederberge wil klim? (2)

2.4 Noem een ding wat Gerrie se pa gedoen het om oom Tiekie 'n vennoot te maak? (1)

2.5. Wat bedoel die mans as hulle sê hulle gaan die hoendertjie se nek omdraai? (1)

**2.6 Kies net die korrekte antwoorde .**

Die mans het 'n 'n behoefte om 2.6.1 ( koue water / warm koffie ) te drink, want dis baie koud en hulle drink ook die 2.6.2 ( kuiken / die hoendertjie ) wat eintlik die 2.6.3 ( bier / brandewyn ) is om warm te hou. (3)

2.7 Watter tragedie het die mediese studente getref? (1)

2.8 In watter soort woonbuurt het oom Tiekie gewoon? (1)

Oom Tiekie lig sy kop en dis asof hy na iets teen die verste muur kyk. "Ek moes gewéét het dat ek nie 'n kans teen die Berg en die Heuweltjie staan nie!" Hy praat altyd van sy pa as die Berg, omdat hulle van Van der Berg is. Gerrie is die Heuweltjie. "Boetie," sal hy sê, "djy moet nog 'n Berg word." Dan gee hy Gerrie 'n speelse knypie op die wang.

2.9 Waarom kon oom Tiekie, op Algeria - bosboustasie nie 'n hut met die wit studente deel ? (1)

2.10 Wat het die studente gedoen om hulle lojaliteit aan oom Tiekie te wys? (1)

**2.11 Hulle bereik die hoogste piek in die Sederberge.**

2.11.1 Wat is die naam van die piek wat hulle bereik het? (1)

2.11.2 Wat het oomTiekie –hulle daar geplant as bewys van hulle prestasie? (1)

2.12 Hoekom kan ons sê dat Gerrie van sy ervaring in die Sederberg en die met die luiperd baie geleer het? Fokus op Gerrie se naam in jou antwoord. (2)

**[17]**

**EN**

TEKS: B INK – FANIE VILJOEN

Ek maak my oë stadig oop teen die lig. Dit is helder en voel of dit deur my kop gaan brand, al weet ek dis onmoontlik. Nee, dink ek dan, niks is hier onmoontlik nie. Niks is hier soos dit lyk nie. Maar waar is hier? Waar is ek nou? Ek dwing my oë verder oop. Om my lê brokstukke van iets wat eers 'n gebou was. 'n Ruïne van grys klip, stukkende vensters, gebuigde vensterrame. Die lug ruik na 'n dooie dier. Dalk 'n dooie mens. Ek dink dit skaars, toe ek iemand deur die lig na my toe aangestap sien kom. Nou maak alles sin.

2.13 Haal 'n sin aan wat verwys na 'n ramp wat die plek getref het? (1)

2.14 Wat presies is op Ethan se pols? (1)

2.15 **Dis iets wat hulle nie uit ons kon kloon nie.** Wat kon nie uitgekloon word? (1)

2.16 Hoe weet ons dat Ethan 'n tiener is? (2)

2.17 Wie se beelde sien Ethan en waarom voel hy banger? (2)

2.18 Skryf net die **NOMMER** en die **LETTER** van jou keuse neer.

**Die klimaks word bereik wanneer...**

A) Ethan met sy sweterige hande die datum van sy pols wegvee en die man doodmaak
B) Die vreemdeling hom op die trappe vaspen en hy sien bloed op die swaard
C) Ethan iets dood ruik.
D) Ethan weghardloop en kom tot die besef dat die man op enige plek kan wees. (1)

"HET JOU!" sê die stem skielik hard toe ek terugdraai boontoe. My asem skrik weg. Die man se hande is voor my bors. Sy gesig by myne – een oog heeltemal wit soos die lig, soos sneeu; die ander wit met 'n donker kol en rooi are soos bloeiende riviere. Dis die oog waarmee hy na my kyk. Sy koue asem blaas oor my gesig. "Dis jou datum, Ethan. Jy moet die weg van alle vlees gaan," sê hy vir my en lig sy hand na die swaardhef wat agter sy rug uitsteek. Hy bring die swaard oor sy skouer vorentoe.

2.19 Haal **een** woord aan wat aandui dat Ethan uiters bang vir die man is? (1)
2.20 Hoe weet die agtervolger presies waar Ethan is? (1)
2.21 Haal twee woorde aan wat aandui dat die agtervolger vir Ethan betrap het? (1)
2.22 Wat is die belangrikste ding wat Ethan oor sy agtervolger ontdek het en wat beteken dit vir Ethan? (2)

2.23 PAS **KOLOM A BY KOLOM B** AAN.
Skryf net die **NOMMER** en die **LETTER** van jou keuse neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.23.1 Bloed op die swaard | A) Ethan het gesukkel om genoeg suurstof te kry. |
| 2.23.2 " kort hale op en af geruk" | B) Simboliseer die dood. |
| 2.23.3 Een oog was wit soos die lig. | C) Die agtervolger is 'n jagter of 'n huurmoordenaar. |
| 2.23.4 Een oog was wit met 'n donker kol en rooi are. | D) Antagonis / teenstander. |
| 2.23.5 Die naamlose agtervolger | E) Simboliseer die warmte en die lewe. |

( 5x1 =5)

**[18]**

| |
|---|
| **TOTAAL VIR AFDELING A : 35** |
| **GROOTTOTAAL : 70** |

☺ **geniet** ☺